Noag en die Groot Vloed

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 6-10

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Geskryf deur Edward Hughes
Ge-illustreer Byron Unger; Lazarus

Vertaal deur Hannelie Niemandt
Aangepas deur M. Maillot; Tammy S.

Storie 3 van 60

M1914.org

Bible for Children, PO Box 3, Winnipeg MB R3C 2G1 Canada

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!

Afrikaans

God het Noag gewaarsku dat 'n groot vloed gaan kom wat die hele aarde gaan toemaak. Bou 'n hout ark, 'n groot boot sodat jy en jou familie en al die diere daar in kan bly. Noag het gedoen wat God bevel het.
3
God het vir Noag presies gesê hoe die ark gebou moet word. Noag was baie besig.
4
Die mense het vir Noag gespot,
terwyl hy vir hulle vertel het hoekom hy die ark maak. Maar Noag het aangehou bou.
5
Hy het ook aangehou om vir die mense van God te vertel.
Maar niemand het geluister nie.
6
Noag se geloof was groot. Hy het God geglo al het hy nog nie geweet wat reën is nie, omdat dit nog nooit vantevore op die aarde gerëen het nie. Die Ark was uiteindelik gereed om alles in te laai.
7
Nou het die diere na die Ark gekom. God het hulle laat kom, die rein diere het sewe pare gekom en van die onrein diere net een paar.
8
Voëls groot en klein, groot diere en klein diere het na die Ark gekom.
9
Die mense het vir Noag gespot terwyl hy die diere elkeen op hulle plekke in die Ark laat ingaan het. Hulle het nie opgehou om sonde teen God te doen nie en ook nie in die Ark ingegaan nie.
10
Uiteindelik was al die diere en die voëls in die ark. God het vir Noag gesê, "gaan jy en jou familie in die ark in." Noag en sy vrou en sy drie seuns en hulle vrouens het ingegaan en God het die ark se deur gesluit.
11
Toe het die reën gekom. Dit het vir veertig dae en nagte gereën.
12
Die vloed het oor die dorpe en die mense gespoel. Toe die reën stop was tot die berge onder water. Alles wat asemgehaal het was dood.
13
Soos die water hoër geword het het die ark bo-op die water gedryf. Dit moes seker donker in die ark gewees het mikien skrikkerig. Maar die Ark het vir Noag en sy Familie en diere veilig gehou.
14
Na vyf maande van vloed het God 'n wind gestuur om die aarde droog te waai. Eendag het die ark op 'n hoë berg wat se naam Ararat was gestop.
15
Noag het nog verder vir veertig dae in die ark gebly om vir die water te wag om weg te gaan.
16
Noag het 'n kraai en 'n duif by die oop venster uitgestuur. Omdat die duif nie 'n droë plek kon kry om te rus nie het hy terug gekom na Noag en die ark.
17
'n Week later, het Noag weer 'n duif uitgestuur, die duif het hierdie keer met 'n vars olyfboom se takkie in sy bek terug gekom. Die volgende week het Noag geweet dat die aarde droog is toe die duif nie weer terug gekom het nie.
18